PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

## *Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste [B 5 – 2026]*

**Voorleggings en Verhore**

Die Gekose Komitee oor Begrotings nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike en/of mondelinge voorleggings oor die *Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste* [B 5 – 2026] in te dien. Die wetsontwerp is op 25 Februarie 2026 saam met die Nasionale Begroting vir 2026-27 deur die Minister van Finansies ter tafel gelê. Die Wet op Geldwetsontwerpe en Verwante Sake, No 9 van 2009 [soos gewysig deur Wet 13 van 2018], vereis dat die Parlement openbare verhore hou en verslag doen oor alle wetsontwerpe.

Openbare verhore oor die *Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste* [B 5 – 2026] sal op Woensdag, 25 Maart 2026 deur die Gekose Komitee oor Begrotings gehou word. Voorleggings en/of u voorneme om 'n mondelinge aanbieding te doen, moet teen nie later nie as 16:00 op Maandag, 23 Maart 2026 ontvang word.

Voorleggings moet gerig word aan die komiteesekretarisse, mnr L Nodada (Lnodada@parliament.gov.za of 083 412 1526) en me E Grunewald (egrunewald@parliament.gov.za of 071 363 2257)

Afskrifte van die wetsontwerp is beskikbaar by www.parliament.gov.za en www.treasury.gov.za.

Uitgereik deur agb T I Legwase, LP, Voorsitter: Gekose Komitee oor Begrotings (NRVP).